



LBW

NUUS

AKTUEEL

VARKVLEIS

HIÉR LÊ DIE VELDE BRAAK VIR SA VARKUITVOER

'n Nuwe navorsingstudie verskaf 'n bloudruk van die varkbedryf se strategiese benadering om sy uitvoermark te vergroot en nuwe markte te vestig. Dit sit ook die verantwoordelikhede van al die betrokkenes uiteen. CARIEN KRUGER berig.

ALTESAAM 27 lande in Suidoos-Asië, Oos-Europa en Afrika suid van die Sahara bied potensiële uitvoergeleenthede vir Suid-Afrikaanse varkveis. Van dié lande is nuwe uitvoerbestemmings, terwyl ander bestaande markte is wat uitgebrei kan word.

Die Suid-Afrikaanse Varkprodusente-organisasie (Savpo) het in 2018 handelnavorsers van die TRADE-navorsingseenheid aan die Noordwes-Universiteit en die onderneming Trade Research Advisory opdrag gegee om 'n studie oor uitvoergeleenthede te doen. Die verslag oor die studie is onlangs in Savpo se nuusbrieff gepubliseer.

Dr. Peter Evans, hoof van verbruikersversekering by Savpo, sê die varkuitvoerwerkgroep, wat bestaan uit verteenwoordigers van Savpo, die varkveisbedryf en die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, kyk reeds meer as ses jaar na uitvoergeleenthede.

Die studie is aangevra om die werkgroep die regte strategiese besluite te help neem om sy aandag op gepaste streke en lande toe te spits.

TRADE-navorsers gebruik 'n spesifieke model, gerig op die ondersteuning van uitvoerbesluite, om realistiese uitvoergeleenthede vir spesifieke produkmarkkombinasies te identifiseer. Die navorsers neem faktore soos logistiek, handelsreëls en tariewe, lande se demografie en godsdienstige oortuigings, en die vereiste gesondheidspermitte in berekening.

Verder word Suid-Afrika se uitvoergerigte produksiekapasiteit, wat tans relatief klein is wat varkveis betref, ook in ag geneem.

Volgens me. Isobel Bröcker, hoof van besigheidsintelligensie by Savpo, het Suid-Afrika verlede jaar 10 226 ton varkveis uitgevoer, vergeleke met 9 513 ton in 2017 en 7 960 ton in 2016.

Die meeste van dié uitvoer was na Afrikalande.

In die verslag word aanbeveel dat eers net aandag gegee word aan klein tot mediumgrootte potensiële markte, sodat bestellings volhoubaar uitgevoer kan word en kommersiële verhoudinge op lang termyn gebou kan word.

BESTEMMINGS

Met behulp van die model is Suidoos-Asië, Oos-Europa en Afrika suid van die Sahara, asook spesifieke lande in elke streek, as realistiese uitvoerbestemmings geïdentifiseer.

In Suidoos-Asië sluit dit vyf lande in, van wie drie nuwe bestemmings is: Viëtnam, die Filippyne, Indië, Indonesië en Singapoer.

Die sewe Oos-Europese lande is almal nuwe potensiële markte: Litaue, Bulgarye, Montenegro, Slowenië, die Tsjeggiese Republiek, Letland en die Oekraïne.

Lande waaraan daar sekondêre aandag gegee moet word, is Belarus, Albanië, Estland, Malta, Serwië en Bosnië-Herzegowina.

In Afrika suid van die Sahara dryf Suid-Afrikaanse produsente reeds handel met veertien lande. Die werkgroep het 'n vyftiende land bygevoeg.

Die navorsers het aanbeveel dat gekoördineerde en beplande stappe op nasionale vlak gedoen moet word om die spesifieke streke en lande as potensiële markte te ontgin. Hulle het ook spesifieke aanbevelings vir elke belanghebbende gemaak.



'n Varkplaas in Noordwes. FOTO: KHAKI PRODUKSIES

Evans sê die Savpo-afdeling vir besigheidsintelligensie werk reeds saam met die assosiasie van vleis-invoerders en -uitvoerders (Amie) aan 'n uitvoerstrategie vir die streke, markte en produkte wat in die studie geïdentifiseer word. Die uitvoering van die strategie sal, soos in die studie aanbeveel, deurlopend gemonitor en elke drie jaar hersien word, buiten as iets drasties verander.

KOMPARTEMENTE

Nog 'n aanbeveling wat reeds uitgevoer word, is toetsing vir bek-en-kloseer as deel van die bestaande sesmaandelikse standaard-serologiese kompartementtoetse. Op dié manier kan die bedryf proaktief gereed wees vir enige vrae vanaf geïdentifiseerde lande.

Evans sê bek-en-kloseertoetse is sedert die uitbreking vroeër vanjaar in Limpopo ingesluit.

Die kompartementtoetse behels gewoonlik dat privaat veeart die nodige monstere plaas na die Landbounavorsingsraad se Veterinêre Instituut by Onderstepoort stuur. Dié instituut stuur dan die resultate na die betrokke staatsveeartse en die nasionale veearts-kantoor.

“Suid-Afrika was een van die eerste lande ter wêreld wat die kompartementstelsel begin gebruik het wat deur die internasionale organisasie vir dieregesondheid (OIE) goedgekeur is. Dié stelsel kan gebruik word om varkveiskopers te verseker die varke van betrokke eenhede is siektevry, veral van varkpes en bek-en-kloseer,” sê Evans.

STAAT SE ROL

Die navorsers het aanbeveel dat Singapoer en Indië so gou moontlik deur die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling na Suid-Afrika

genooi word om hul amptenare aan die plaaslike kompartementstelsel en sy uitvoergerestreeerde slagplase bekend te stel.

Die departement is ook gevra om formele kommunikasie met al die ander lande op dreef te kry, om by hulle 'n bewustheid van Suid-Afrikaanse varkveisprodukte te skep.

Die relevante protokol moet ook gereed gekry word om sulke markte vir uitvoer oop te maak.

Die departement is versoek om met die betrokke lande gesprekke te voer oor die goedkeuring van bilaterale invoerpermit-ooreenkomste waarin spesifiek verwys word na kompartementalisering, pleks van die huidige sones waarna meestal verwys word.

Evans sê so 'n spesifieke verwysing sal beteken Suid-Afrika se staatsveeartse sal permitte vir gekompartementaliseerde varke kan onderteken.

Die departement is ook gevra om met die OIE in gesprek te tree sodat kompartementalisering by die internasionale standaard-invoerpermit-ooreenkomste ingesluit kan word.

Die werkgroep het aanbeveel dat die varkveisbedryf, maar ook die breër vleisbedryf, moet besin of hulle selfregulering moet oorweeg, en indien wel, hoe daar in dié verband met die departement saamgewerk kan word.

Evans sê met selfregulering word verwys na die Pork 360-versekeringsprogram van Savpo vir plase. “Dit sluit in die bekamping van antimikrobiële residu en ander ongewenste residu in varkveis. Dieresorgaspekte is ook 'n belangrike deel van die Pork 360-program,” sê Evans.

Luidens die verslag moet die relevante forums dié kwessies bespreek en spoedig daaroor besluit indien varkveisuitvoerders uitvoer wil verhoog.